Gebed vir siekes en dié wat onder aanslae verkeer

Ewige, barmhartige God en Vader, U is die ewige saligheid van die lewendes en die ewige lewe van die sterwendes. U alleen het dood en lewe in u hand. U sorg so sonder ophou vir ons, dat gesondheid of siekte, goed of kwaad nie oor ons kan kom nie. Ons weet: geen haar kan van ons hoof val sonder u wil nie, terwyl U ook vir u gelowiges alle dinge ten goede laat meewerk[1].

Ons bid U, verleen ons die genade van u Heilige Gees, dat Hy ons leer om ons ellendige toestand reg te ken en geduldig u tugtiging te verdra, wat ons tienduisend keer meer verdien het. Ons weet dat dit vir ons geen teken van u toorn is nie. Inteendeel, dit is ’n teken van u vaderlike liefde vir ons, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel word nie[2].

Vermeerder, o Here, ons geloof deur u Heilige Gees. Daardeur word ons immers hoe langer hoe meer in Christus ingelyf soos lidmate in hulle geestelike Hoof. U wil ons aan Hom in lyding en heerlikheid gelyk maak. Maak die kruis ligter na die mate wat ons swakheid dit kan verdra.

Ons onderwerp ons geheel en al aan u wil, hetsy U ons siele langer in hierdie tentwoning wil laat bly of hulle tot U in die ewige lewe wil neem. Ons is immers Christus se eiendom en kan daarom nie vergaan nie. Ons wil graag hierdie swak vlees verlaat in die hoop op die salige opstanding, wanneer dit veel heerliker aan ons teruggegee sal word. Laat ons tog die salige troos van die vergewing van sondes en van die regverdigmaking deur Christus ervaar, sodat ons met daardie skild alle aanslae van Satan kan oorwin. Laat sy onskuldige bloed die vlek en die onreinheid van ons sondes uitwis. Laat sy geregtigheid vir ons ongeregtigheid in u laaste oordeel intree.

Bewapen ons met geloof en hoop, sodat ons nie tot ’n skande word deur enige verskrikking vir die dood nie. Wanneer ons liggaamlike oë duister word, laat dan die oë van die gees U sien. Wanneer U ons die gebruik van die tong ontneem het, laat die hart dan nie ophou om U aan te roep nie.

O Here, ons gee ons siele oor in u hande. Wil U ons in ons laaste nood nie verlaat nie. Doen dit om Jesus Christus wil alleen, wat ons geleer het om soos volg te bid:

Ons Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word,

laat u koninkryk kom,

laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergewe ons ons skulde,

soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

[1] (Rom 8:28)
[2] (Heb 12:5-7; 1 Kor 11:32)